# DIE SKIETLOOD

192ste Uitgawe 16 Julie 2021 saam met Koersvas 192

## Die Dordtse Leerreëls

### Tweede hoof leerstuk; Die dood van Christus en die verlossing van die mense deur Sy dood

**Teks Artikel 6**

Baie wat deur die evangelie geroep is, bekeer hulle nie, glo nie in Christus nie, maar sterf in ongeloof. Dit gebeur, nie omdat die offer wat Christus aan die kruis volbring het, gebrekkig of onvoldoende is nie, maar deur hul eie skuld. *Quod autem multi per Evangelium vocati non resipiscunt, nec in Christum credunt, sed infidelitate pereunt, non fit hoc hostiæ Christi in cruce oblatæ defectu, vel insufficientia, sed propria ipsorum culpa.*

**Kommentaar**

Daar is drie groepe mense in die wêreld: diegene wat glo, die wat nie glo nie en diegene wat (nog) nie met die Evangelie gekonfronteer is nie. Die Dordtse leerreëls fokus op die eerste twee groepe, veral omdat daar in hulle konteks nie werklik kontak was met diegene wat nie eens die Evangelie gehoor het nie. Die veronderstelling daar is dat die Evangelie aan almal verkondig word. Ons sal derhalwe ook nie in hierdie kommentaar aandag skenk aan die mense wat vir die sending bedoel is nie.

Daar is baie mense wat die evangelie hoor en dit nooit as Evangelie (waarheid) aanvaar nie. Dit klink oorbodig om te stel dat nie almal wat hoor, tot geloof kom nie. Binne die konteks van die uitverkiesingsleer is dit tog belangrik om kennis te neem van hierdie werklikheid. Waar lê die fout?

Waarom sterf mense in ongeloof, selfs na die aanhoor van die Evangelie? Die rede vir die ongeloof moet nie gesoek word in die Evangelie nie, maar in die aanhoorders. Mense wat in ongeloof sterf, doen so ten spyte van die Goeie Tyding wat aan hulle gebring is. Jesus se dood aan die kruis was nie gebrekkig nie, was nie defektief of onvoldoende nie. Dit is mense se eie skuld indien hulle in ongeloof sterf na aanhoor van die Blye Boodskap. Die hartseer feit is dat die ongelowiges die oordeel oor hulself laat voltrek, God is onder geen verpligting om hulle te red nie.

**Teks Artikel 7**

Almal wat egter waarlik glo en deur die dood van Christus van die sonde bevry en van die verderf gered word, ontvang hierdie weldaad slegs uit die genade van God. Hierdie genade is van ewigheid af in Christus aan hulle gegee, sonder dat Hy dit aan enigiemand verskuldig is. *Quotquot autem vere credunt, et per mortem CHRISTI a peccatis, et interitu liberantur ac servantur, illis hoc beneficium, ex sola Dei gratia, quam nemini debet, ab æterno ipsis in Christo data, obtingit.*

**Kommentaar**

Aan die keersy van die munt is diegene wat wel tot geloof gekom het na aanhoor van die Evangelie. Hulle kan uitsien na die ewige lewe, die heerlikheid saam met God. Hulle is deur die dood van ons Here Jesus Christus van hulle sonde verlos, vrygemaak van die gevolge van die sonde.

Dit is ‘n genade wat aan gelowiges gegee word, ‘n genade wat buite tyd deur God gegee word. Die punt wat hier gemaak word, is dat die genade van die Here nie afhanklik is van iets wat in hierdie bedeling gebeur of gebeur het nie. God besluit op Sy eie, sonder enige menslike versoek of eis, om mense hulle sondes te vergewe – in Jesus naam.

God is geen genade aan mense verskuldig nie. Uit die aard van die betekenis van die woord “genade” is dit duidelik dat dit ‘n eenrigting straat is. Daar is geen verdienste betrokke nie, geen morele- of ander verpligting wat God beweeg na die punt van genade nie.

God se weldaad aan mense vertel ons van God se liefde en genade, sonder enige verwysing na menslike verdienste of meriete. God skuld ons niks, maar gee aan ons die ewige lewe uit suiwer genade.

**Teks Artikel 8**

Dit was immers die volkome vrye raadsbesluit, genadige wil en voorneme van God die Vader, dat die lewendmakende en saligmakende krag van die uiters kosbare dood van sy Seun al die uitverkorenes tot voordeel sal strek. So het God slegs aan die uitverkorenes die regverdigende geloof geskenk om hulle daardeur onfeilbaar salig te maak. Dit wil sê: Dit was die wil van God dat Christus deur die bloed van die kruis - waarmee Hy die nuwe verbond bevestig het - uit elke volk, stam, geslag en taal húlle en hulle alleen, kragdadiglik sal verlos, wat van ewigheid af tot die saligheid uitverkies en deur die Vader aan Hom gegee is. Ook was dit die wil van God dat Christus aan hulle die geloof sal gee wat Hy, soos ook die ander saligmakende gawes van die Heilige Gees, deur Sy dood vir hulle verwerf het. Verder, dat Hy hulle van al hulle sondes - sowel die erfsonde as die daadsonde wat ná en vóór die geloof begaan is - deur Sy bloed sal reinig. Ten slotte, dat Hy hulle tot die einde toe getrou sal bewaar, en uiteindelik sonder enige vlek of rimpel in heerlikheid by Hom sal neem. *Fuit enim hoc Dei Patris liberrimum consilium, et gratiosissima voluntas atque intentio, ut mortis pretiosissimæ Filii sui vivifica et salvifica efficacia sese exereret in omnibus electis, ad eos solos fide justificante donandos, et per eam ad salutem infallibiliter perducendos: hoc est, voluit Deus, ut Christus per sanguinem crucis (quo novum fœdus confirmavit) ex omni populo, tribu, gente, et lingua, eos omnes et solos, qui ab æterno ad salutem electi, et a Patre ipsi dati sunt, efficaciter redimeret, fide (quam, ut et alia Spiritus Sancti salvifica dona, ipsis morte sua acquisivit) donaret, ab omnibus peccatis, tum originali, tum actualibus, tam post, quam ante fidem commissis sanguine suo mundaret, ad finem usque fideliter custodiret, tandemque absque omni labe et macula gloriosos coram se sisteret.*

**Kommentaar**

Hierdie artikel moet stuk vir stuk hanteer word. Die eerste stelling is dat die dood van Jesus vir alle uitverkorenes tot voordeel strek. Jesus se reddende dood is die resultaat van ‘n besluit eie aan God. God het die besluit geneem in vrye genade. Dit was God se voorneme om mense die sonde te vergewe, dit was God se keuse om in Christus die versoening te bewerkstellig.

Die saligheid is onfeilbaar, met ander woorde dit kan nie gestuit word, of van spoor gedwing word nie. God skenk aan gelowiges hierdie geloof wat die gelowige die regverdiging waarborg.

Die Dordtse leerreëls stel dan " *Dit wil sê:"* Verskeie sake kom dan aan die orde en hulle moet versigtig uitgepluis word. Van meet af aan moet dit net weer bevestig word dat die vadere in Dordt met 'n liniêre verstaan van tyd gewerk het. In sodanige denke is "ewigheid" net 'n tydslyn oneindig die verlede (voor die skepping) in getrek met die skepping as die relatiewe begin van die menslike geskiedenis. Indien God se bestaan as 'n bestaan buite tyd gesien word, is "ewigheid" daardie plek waar daar nie tyd is nie, weg van ons liniêre denke en toepassings.

Dit was God se wil om mense te red. Om hierdie doel te bereik, het God besluit dat Jesus se onskuldige bloed aan die kruis die prys is wat betaal moes word. Jesus se bloed aan die kruis het die nuwe verbond bevestig, 'n nuwe ooreenkoms waar God se genade heers en bepalend is.

God het besluit dat hierdie genade gegee sal word aan mense vanuit alle agtergronde; mense van alle plekke, tye, nasies en volke het die geskenk van die saligheid ontvang.

Al hierdie mense wat glo, is deur die kragtige daad van God verlos en bestem vir die ewige lewe. God het daardie besluit geneem buite die konteks van die menslike tydslyn, met ander woorde onafhanklik van enige menslike versoeke, verdienste of vereistes. Die gelowiges is God se geskenk aan die Seun. Die verdienste behoort aan die Seun, geen mens het enige verdienste of waardigheid om op staat te maak nie.

Geloof is verbind aan die dood van Christus. Jesus Christus was vooraf bestem om te sterf sodat elkeen wat in Hom glo, gered kan word. Elkeen wat gered is, glo in Hom. Hierdie geloof is Christus se gawe deur die Heilige Gees. Geloof is een van die baie saligmakende gawes wat aan ons gegee word. Dit is alles bewerkstellig en verseker deur Jesus se dood aan die kruis.

Jesus se dood aan die kruis was allesomvattend. Dit het alles in almal vermag. Hy het die volle prys vir die sonde betaal. Dit beteken dat die gelowige van die mag van die sonde bevry is. Dit sluit in die mag van die erfsonde en die daadsonde wat so groei en tier onder mense.

Ons weet dat ons tegelyk sondaar en begenadigde is. Jesus se kruisdood betaal vir die sonde gedoen voor ons gelowiges geword het (vir diegene wat eers later in hul lewens gelowig geword het), en die sonde wat ons is en doen terwyl ons gelowiges is.

God se genade is nie net omvattend nie, dit is volhardend. Ons sal aan die einde van die tyd deur God by Hom geneem word sonder vlek of rimpel, ongeskonde deel word van Sy heerlikheid. God volhard, ons moet dieselfde doen.